# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

## November / December 2016

Kersfees is 'n tyd van liefde, omgee en 'n tyd van jubelende dankbaarheid




Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal vir julle rus gee
Mattheus 11:28

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe


Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV

**Sommer net.........**











# Indeks / Index


| | |
|---|---|
| SAFPA Excecutives and Area Representatives | 2 |
| Editors Column | 4 |
| Redaksioneel - Christo Munnik | 5 |
| Kers en Nuwejaars boodskappe | 7 |
| Uit die pen van die uittredende Nasionale President Ds Hennie Hattingh | 10 |
| Uit die kantoor van die Nasionale Vise-President Christo Britz | 10 |
| Geneem uit die Beoordelaarsforum Handleiding Christo Munnik | 13 |
| Moving from Wartburg to Plettenbergbay Lionel Phillips | 16 |
| Spes Klub besonderhede - Attie van Aswegen | 18 |
| Ek het vere in my bloed - At Nigrini | 20 |
| Hoeveel duiwe broei ons en wat kos dit - Johan Munnik | 22 |
| Die Modena beoordelaar - Ruben Kitching | 23 |
| Waaierstert Klubskou 2016 Wille J van Rensburg | 27 |
| Notule - AJV Modenaklub - Hennie Bosman | 30 |
| Beoordelaars en beoordelaarslyste - Willie van Zyl | 35 |
| Sjinese Uilklub nuus - Hendriena Swanepoel | 36 |
| Beoordelaars - Rob Lombaard | 37 |
| André Gunter se artikel verwys - Willie van Zyl | 38 |
| Brunner beoordeling - Rob Lombaard | 38 |
| Skou en Duiwedae almanak | 42 |
| SAFPA Affiliated Speciality Clubs | 43 |
| Scoreboard and Rules | 44 |


**The Fancy Pigeon**
**Die Sierduif**
**Obtainable from**
**Verkrygbaar by**
**Christo Munnik**
**Fax: 086 541 6011**
**Cell: 076 391 5800**
**E-mail/E-pos**
**cora.christo@gmail.com**

**Graphic Design done by The Editor and Printed by Ring-O-Print**
**Cell: 084 549 6235**
**Cell: 071 284 1393**
**E-mail**
**info@ringoprint.co.za**


## *Advertisement Costs*

### *Businesses and non SAFPA members*

**Quarter page R250 — Half page - R450**
**3 Quarter page - R650 — Full page - R850**
**Colour cover page R1200**

### *SAFPA members*

**Quarter page R100 — Half page - R200**
**3 Quarter page - R300 — Full page - R400**
**Remember this is only for members wanting to sell something and will only be placed once**


**Die afsny datums vir artikels is as volg:**
**Januarie/Februarie - einde Oktober**
**Maart/April - einde Januarie**
**Mei/Junie - einde Maart**
**Julie/Augustus - einde Mei**
**September/Oktober - einde Julie**
**November/Desember - einde September**

## National Ringmaster

**Cell: 082 565 9022**
**Tel: 041 365 7737**
**Fax: 086 730 3489**
**Fax: 086 730 3229**
**E-Mail:**
**safpa.rings@axxess.co.za**
**Banking details:**
**Account Name - SAFPA**
**Standard Bank**
**Tyger Manor**
**Branch Code**
**05-04-10-41**
**Account Number**
**272 692 794**

**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 - 20:00**
**Sunday**
**after 14:00**
**Geen 'Whatsapp' bestellings vir ringe sal aanvaar word nie.**

**SAFPA Website - http://www.safpa.za.org**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

## SAFPA Honarary Presidents and Vice Presidents

* **Gerald Orpen** - 1957
* **G Dolley** - 1958
* **Reg Gething** - 1958
* **Mervyn Wightman** - 1962
* **Rev AF Malan** - 1962
* **A Reyneke** - 1965
* **AM Anderson** - 1966
* **A Ingle** - 1970
* **Rev JC Jansen** - 1977
* **Prof JR Verster** - 1977
* **Alex Ravenscroft** - 1984
* **Charl Pretorius** - 1987
* **Corrie van Reenen** - 2007
* **Wynand Wessels** - 2010
* **Warren Klopper** - 2014
* **Clive Druce** - 2014

**Renier Lee** - PO Box 2368, Noorsekloof, Jeffreysbaai, 6331 Cell: 082 600 8647
**Stewart Patterson** - PO Box 69184, Bryanston, 2021 Cell: 082 457 2919
**Pierre le Roux** - 31 Diaz Street, Panorama, 7500 Cell 083 567 0226

## SAFPA Excecutive Committee

**National President - Chris de Bruin**
PO Box 906268, Magalieskruin, 0150 Cell: 082 426 8703 Fax: 012 430 4539
Fax: 086 617 6028 - E-mail: chris.debruin@dcs.gov.za

**National Vice-President - Christo Britz (co-opted)**
PO Box 31840, Fichardtpark, Bloemfontein, 9317. Tel: 051 430 8666
Cell: 083 626 6003 - E-mail: chris@iasafari.co.za

**National Secretary - Dirk Scholtz**
PO Box 21110, Nelspruit, 1200 Fax: 013 733 3048 Cell: 082 452 4229
E-mail: dirk@harmonie.co.za

**National Treasurer - Bertie Wessels**
PO Box 1085, Bothaville, 9660 Cell: 083 733 4191
E-mail: bertie_wessels@hotmail.com

**National Ringmaster - Netta Prince**
PO Box 455, Port Elizabeth, 6000 Tel: 041 365 7737 Fax: 086 730 3489
Cell: 082 565 9022 - Fax: 086 730 3229 E-mail: safpa.rings@axxess.co.za

**National Editor - Christo Munnik**
PO Box 618, Anerley, 4230, Kwazulu-Natal Cell: 076 391 5800
Fax: 086 541 6011 E-mail: cora.christo@gmail.com

**National Judges Officer - Benard van Zyl**
Kwintstraat 400, Pretoria Tuine, Pretoria, 0082 Sel: 082 921 5228
E-mail: benard@isafari.co.za
**National Webmaster - Daniel Bierman**
PO Box 431, Milnerton, 7435 Cell: 082 940 7377
SAFPA Website http://www.safpa.za.org
E-mail: webmaster@safpa.za.org
**National Youth Forum Representative - Attie van Aswegen**
9 Peeter Street, Môrewag, Kroonstad, 9499 Tel: 056 213 3498
Cell: 082 411 8483 - E-mail: attievanaswegen@gmail.com

## Safpa Area Representatives

**North-of-the-Vaal - Benard van Zyl**
Kwintstraat 400, Pretoria Tuine, Pretoria, 0082 Sel: 083 235 0363
E-mail: benard@iasafari.co.za
**Freestate - Chris vd Walt**
1 Stanton Street, Fichardtpark, Bloemfontein 9301 Tel: 051 522 3074
Cell: 082 378 6447 E-mail: vanderwalt006@gmail.com
**Western Cape - Morné Rix**
PO Box 68, Ottery, 7808 Tel: 021 394 9014 Cell: 076 487 4873
E-mail: mornerix@mweb.co.za
**Northern Freestate - Bertie Wessels**
PO Box 1085, Bothaville, 9660 Cell: 083 733 4191
E-mail: bertie_wessels@hotmail.com
**Eastern Region - At van Jaarsveld**
PO Box 3568, Middelburg, 1050 Tel: 013 245 1700 Cell: 072 368 1214
E-mail: atvanjaarsveld@gmail.com
**Northern Cape - Seppie Esterhuysen**
PO Box 52, Upington, 8800 Tel: 054 332 6288 Cell: 082 559 1132
**Eastern Province - Johann de Beer**
PO Box 3268, Northend, 6056 Tel: 041 466 7443 Cell: 072 399 8952
E-mail: info@mbosman.co.za
**South Western Districts - George Bell**
PO Box 3, Zoar, 6656 Tel/Fax: 028 561 1314 Cell: 083 483 9969
E-mail: bellgeorge@hotmail.com
**Western Transvaal - Awie Esterhuizen**
2 van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, 2571 Cell: 084 682 0143
E-mail: pyp.esterhuizen@gmail.com
**KwaZulu-Natal - Christo Munnik**
PO Box 618, Anerley, 4230, KwaZulu-Natal Cell: 076 391 5800
Fax: 086 541 6011 E-mail: cora.christo@gmail.com

**SAFPA Website - http://www.safpa.za.org**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

# Editor's column

## Birthdays

Cyril Jasper - 01-Jan
Tom Ryke - 01-Jan
Raymond Hohls - 02-Jan
Piet Kruger - 05-Jan
André Grobbelaar - 06-Jan
Eureka Rix - 07-Jan
Danté Pelser - 09-Jan
Ben Ricketts - 11-Jan
Pierre Muller - 11-Jan
Melanie Reynecke - 11-Jan
Routjie Roux - 24-Jan
Carlo Swanepoel - 25-Jan
Awie Esterhuizen - 26-Jan
Zack Roux - 29-Jan
Stephen du Plessis - 30-Jan
Johannes Perkins - 31-Jan
Hannes Prinsloo - 01-Feb
Pietie le Roux - 02-Feb
Johan Laubscher - 03-Feb
Deon Bence - 04-Feb
Rodney Stevens - 08-Feb
Riaan Oelofse - 08-Feb
Sjaan Hamman - 09-Feb
Pikket Coetzee -13-Feb
Bruce Sandison - 16-Feb
Jan Swanepoel - 19-Feb
Nic Hanekom - 19-Feb
Matt Willemse -19-Feb
Chanté v Staden - 24-Feb
Hennie Bosman - 27-Feb

---

## New members

### Eastern Province

**Jan Myburgh K019**
Postnet 203
Private bag x9063
East London
5200
Cell: 083 273 6480

### Eastern Region

**Stephan Erasmus C016**
PO Box 11020
Earorand
Middelburg
1070
Cell: 083 640 3002

### Freestate

**Koos Meiring V015**
PO Box 19
Dewetsdorp
9940
Cell: 083 262 3318

**Petrus Erasmus V027**
2 Bahmann Street
Fichardtpark
Bloemfontein
9301
Cell: 072 185 5803

**Elma & Danie Swart V016**
PO Box 481
Bloemhof
2660
Cell: 079 151 2383

### Western Transvaal

**Karin Grobler D010**
140 Livingstone Street
Vryburg
8601
Cell: 071 887 3180
Cell: 061 238 9957

---

## Ill members -

Jan Kriel
Netta Prince
Gert Holtzhauzen

---

## Deaths -


Sarie Knoetze Life member of SAFPA and Jan Hoffman member of Western Transvaal

---

**Kyk terug op die jaar wat verby is en vra God om jou te wys waar jy deur swak-heid en sonde verhoed is om geestelik te groei.**

***Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad.***

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011



Voorwaar alweer die laaste Sierduif vir 2016 dis ongelooflik. Is dit net met my dat die tyd so vinnig verbygaan of het almal die probleem dat tyd nie meer vir jou wag nie.

Elke jaar die tyd hoop ek dat die volgende jaar nie weer so vinnig moet verby gaan nie maar o wee as jy weer kyk is dit Februarie maand en die volgende oomblik is die eerste skou op hande en die volgende oomblik is dit die SA's.

Mense dit is presies soos dit vir my voel deesdae daar is net nie meer tyd om uit te stel na môre nie want môre het alreeds aangebreek.

Ons word oud en ons kinders word groot en ook oud en kleinkinders bly ook nie agter nie. Ek kan nie glo dat my tweede kleinkind al matriek skryf nie. Die oudste een werk al. Een ding is ek voor dankbaar dat ons almal gesond is, almal huidiglik werk het en dat dit eintlik baie goed gaan met my mense.

Met my en Harry se duiweboerdery gaan dit maar stadig. Ons is nog nie gewoond aan die verandering van natuur wat ons ondervind het vanaf die droë Gauteng en Vrystaat na die altyd nat en drukkende seelug nie. Die duiwe wat van ander streke af kom pas verskriklik moeilik aan in die seelug. Dit lyk egter of die duiwe wat hier gebore word beter kans het op oorlewing sonder medikasie. Maar genoeg gekerm ons sal sekerlik oorleef.

Wat ons duiwevriende betref sal julle sien in die 'Editors Column' dat daar nog steeds maar lede is wat nie wel is nie en asseblief as ek iemand uitlaat wat wel siek is laat my dadelik weet en ek doen die nodige. Ons almal bid vir julle en hoop dat julle weer gesond anderkant sal uitkom.

So word ons duiwevolk ook dan geraak deur die dood van geliefdes en hierdie keer het ons twee ou bekendes aan die dood afgestaan naamlik Tannie Sarie Knoetze wat saam met Oom Frik jarelank duiwe geboer het en ook gedien het op die bestuur van die SASV as Nasionale Ringmeester. Die tweede persoon is dalk vir baie lede nie so bekend nie naamlik Jan Hoffman of "Jan Bok" soos meeste hom genoem het wat ook oorlede is. Ons gebede gaan uit na hulle geliefdes en vriende mag julle vrede en berusting vind.

Ek moet dan ook dankie sê aan al die lede wat my pleidooi by die SA's ernstig opgeneem het en vir my artikels deurgestuur het julle maak die werk vir my baie makliker. Ek vra ook weer dat enige kritiek positief en negatief baie welkom is om die nuusbrief die moeite werd te maak.


Daar is weer oproepe dat ons moet kyk na die moontlikheid om die nuusbrief elektronies aan lede te stuur. Dit is wel moontlik maar dan moet almal saamstem. Die probleem is ek kan nie net 'n paar boekies laat druk vir 'n paar lede nie dan gaan ons geen besparing hê nie. Groete aan almal.

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Gesonder duiwe @ minder as R10 / duif / jaar

**(Sien in hierdie uitgawe: "Uitendelik – 'n Probiotika wat 'n verskil maak")**




# bioworx ANIPRO Aqua

## Probiotika in 'n "teesakkie"

| | |
|---|---|
| bioworx ANIPRO Aqua - 25 x 5g | R109.16 |
| Ander produkte: bioworx AVIANPRO (Brouersgis) 1kg | R104.52 |
| bioworx ENERGYOIL 500g | R176.70 |
| bioworx ENERGYOIL 1kg | R336.30 |

(*BTW ingesluit / Afleweringsfooie uitgesluit*)

NB *Vermy die onnodige toediening van antibiotika, maar moet NOOIT virus-inentings staak nie.*

**bioworx (edms) bpk** 2000/019696/07
Gebou 23 WNNR Meiring Naude Weg Pretoria Tel: 012 841 3540 / 082 879 4208
Faks: 086 562 5805
E-pos: hennie@bioworx.co.za Webwerf: www.bioworx-pigeon.co.za

Met nog 'n Christusfees en nuwejaar op hande, gebruik ek graag die geleentheid om namens my en Roné al ons duiwevriende 'n baie geseënde Christusfees en vele vreugde en voorspoed vir 2017 toe te bid. Mag dit wat regtig saak maak in hierdie lewe naamlik 'n verhoudingslewe met die Here Jesus en 'n onvoorwaardelike oorgee van ons toekoms in Sy hande ook deel van julle lewens wees.
Ds Hennie en Roné Hattingh


---

We would like to wish all our pigeon friends a Blessed Christmas and a happy and prosperous New Year. We will be thinking of you as we will be visiting our son and his family in Houston Texas over the festive season!
Lionel and Carol Phillips

---

Ons wil graag vir die lede van die SASV en al hulle families geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 2017 toewens. Ek en Robin hoop van harte dat die komende jaar net die beste gesondheid en vrede sal bring. Prince gesin PE.

---



Sy bestemming was die kruis, Sy doel was liefde, Sy rede was ons! Mag julle gevul wees met vrede, vreugde en baie liefde. Nic Hanekom

---

Geloof maak die onmoontlike moontlik. Hoop laat alles ten goede uitwerk in die end. Liefde verander die alledaagse in mooi. Mag julle die vreugde van al drie hierdie seisoen ervaar. Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar. Liefde
Morné, Eureka, André, Dewald en Johann

---

Dis alweer daai tyd van die jaar en ek wil werklik vir julle almal 'n wonderlike en geseënde Kerstyd toewens. Mag die gees van Kerstyd en die geboorte van ons Skepper julle almal oorval soos 'n dief in die nag, julle gelukkig maak soos 'n "powerball" wenner en julle 'n baie lekker tyd saam met julle geliefdes ervaar.
Mag 2017 vir julle 'n jaar van oorvloed wees. Geseënd in als wat julle aanpak en julle beker sommer net oorloop.
Dankie ook vir 'n lekker jaar by die SASV, nuwe vriende wat gemaak is en vir almal wat my ondersteun het se ondersteuning. Groetnis.
Dirk Scholtz.

---

Ons het in Windhoek (1974) by die SASV aangesluit. Deur die jare het ons letterlik duisende lede ontmoet wat gekom en gegaan het; hetsy die wat opgehou het om met duiwe te teel of die wat afgesterf het. Wanneer Kersfees aanbreek, raak mens onwillekeurig stil voor ons Hemelse Vader en spoel vele gedagtes deur jou oor gebeure wat nooit weer herhaal sal word nie. Dan besef jy hoeveel genade 'n mens elke dag ontvang in hierdie aardse bestaan van ons om mense te kon ken, en steeds te ken, wat jou lewe ryker en voller maak en gemaak het. Dankie Here vir elkeen wat op een of ander manier tot hierdie wonderlike ervaring bygedra het – laat hier-

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

die Kersfees vir elkeen 'n wonderlike Christusfees wees.

Voorspoed vir 2017 – ons bepaal elkeen ons eie lot deur keuses wat ons uitoefen. Mag dit vir u 'n mooi jaar wees; wees nederig, eerlik en opreg in al jou optredes teenoor mede lede – dan sal die SASV weer word soos dit eens op 'n tyd was.

Kobus & Bertha Snyman

---

Kersfees Boodskap: Van uit die laeveld

Matt 9:13 "Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar die sondaars"

Kersfees is 'n tydperk van besluite – waar gaan ons wees, wat gaan ons eet en wie gaan wat kry? "Jingle Bells" en Stille Nag se klanke oor winkelsentrums se klanksisteme in jou ore dui die frustrasie van nog 'n jaar se Kersfees verkope aan. Jy en mamma het al 'n geveg voor die eerste geskenk gekoop is. Indien dit die geval is, lees die volgende verhaal en gee dit vir iemand voor dit te laat is:

Waarheen is jou skip van drome oppad?

Sy het bekend gestaan as die skip van drome. Sy was agt honderd en negentig voet lank. Veertien duisend mense het aan haar gebou. Die anker het vyftien en 'n half ton geweeg en is deur twintig perde van die fabriek af tot by die skip getrek. Die binnekant van hierdie skip het tien maande geneem om te voltooi, altesaam 'n paar miljoen ure se werk aan Louis Quinze, Klassieke Versailles en Victoriaanse versierings, Crown Berger skilderye, Franse kafees en Turkse baddens om maar net 'n paar te noem.

Sy is ook genoem: Die onsinkbare skip en in 'n koerant van 1912 word berig dat selfs God haar nie kan sink nie. Maar op Sondagaand 12 April 1912 sink die Titanic binne twee ure en neem 1500 lewens saam na haar watergraf. Tydens hierdie twee ure het interessante verhale afgespeel. Daar was te min reddingsbote. Die rykes en vernames het gesorg dat hulle eerste plek kry. Later het die Kaptein oor sy megafoon afgekondig dat net vrouens met babatjies plek op die reddingsbote mag kry. 'n Man met 'n babatjie in sy arms het verby 'n vrou gehardloop wat nie 'n kind gehad het nie. Vir haar was die afkondiging 'n doodsvonnis. Skielik het haar situasie verander toe die man sy kind in haar arms sit en sê: Dit is joune... hardloop vir jou plek op die reddingsboot!

Wat is jou grootste Kersgeskenk?

Ons is almal daarvan bewus dat ons lewensvaart iewers soos die Titanic gaan sink. Ons is ook bewus daarvan dat nie almal in hierdie lewe die reddingsboot van Jesus gaan haal nie.

Met Kersfees kom sit God opnuut weer sy kind in jou arms en sê: Dit is joune... hardloop na my reddingsboot. Moenie wag tot dit te laat is nie. Wanneer 'n skip sink, word lug uitgeblaas en water ingesuig. Wag jy tot dit te laat is, word jy saam ingesuig al spring jy. Die meeste mense wat hulle lewens

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

in die Titanic ramp verloor het, het nie verdrink nie maar verkluim. Wie wil in koue water ronddobber as Jesus reeds vir jou 'n plek op sy onsinkbare reddingsboot voorberei het.

Miskien is daar iemand waaroor jy baie bekommerd is of wonder waar hulle welvaart hulle aan die einde van nog 'n jaar bring. Miskien sukkel jy ook soos ek om geskenke te koop en wonder wát jy vir daardie een sal koop die jaar. Gee dan bogenoemde Kersfees reddingsverhaal vir daardie persone as 'n geskenk. Sit Jesus in die arms van mense wat oop oë besig is om te sink. Dit is tog al waaroor Kersfees gaan, dit mag dalk daardie persoon se grootste geskenk wees in sy lewe.
Sonder Jesus is 'n vyftien ton anker te lig. Ons wense vir almal is dat julle reeds plekke het op God se reddingsboot.
Simon en Susann

---

Die einde is alweer hier.

So het nog 'n jaar verby gevlieg waar almal aan verskeie duiwe skoue deelgeneem het en soms met 'n glimlag en soms 'n "toemaar volgende keer is dit my beurt" uitdrukking op die gesigte weggestap het. Van Wes-Transvaal se kant af wil ons graag die hele duiwe-familie 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar toewens. Mag elkeen van julle met 'n goeie broeiseisoen die jaar uitstap en die nuwe instap reg vir die verveertyd wat kort daarna opgevolg word met die begin van die skoutyd. Ons het een van die mees interessanste stokperdjies in die landwaarvan baie nie eers bewus is nie - kom ons gaan die nuwe jaar in met die doel om meer lede te werf, ons stokperdjie meer bekend te maak en om vir onsself-herrineringe te skep wat ons nooit sal vergeet nie.
Duiwe groetnis
Wes-Transvaal

---

Kan julle glo - hier staan ons aan die einde van 2016. Hierdie jaar het behoorlik verby gevlieg. In 'n oogwink en dis alweer Desembertyd, vakansietyd en Kerstyd. 2016 het nie net verby gevlieg nie, maar het baie veranderinge in party van ons lede se lewens teweeg gebring. Party goed en ander minder goed, maar, ons hou ons hand in die Here se hand en stap die pad wat vir ons uitgelê is.

Hiemee wil Theresa en ek alle SASV lede & vriende 'n wonderlike geseënde en rustige Kerstyd toewens.


Hoop 2017 hou vir almal net mooi en opwindende dinge in. Onthou jou familie en vriende is kosbaar.
Chris en Theresa de Bruin

---

Kersfees is 'n tyd van liefde, 'n tyd van omgee en 'n tyd van jubelende dankbaarheid teenoor ons Skepper. Die Munniks hoop en bid dat dié Kersfees vir julle spesiaal sal wees saam met julle geliefdes en dat julle sal onthou waaroor Kersfees gaan. Die Here seën almal van julle en ons wens julle ook 'n baie geseënde nuwe jaar 2017 toe. Mag ons net vreugde en vriendskap beleef in die jaar.

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377



## Uit die pen van die "Uitgetrede Nasionale President"


**Ds Hennie Hattingh**

Waar my termyne as Nasionale President van die SASV in Julie 2016 tot 'n einde gekom het, gebruik ek graag hierdie geleentheid om al die duiwevriende baie dankie te sê vir hul ondersteuning die afgelope klompie jare. Dit was vir my 'n geweldige groot voorreg om op hierdie vlak diensbaar te kon wees. Dankie vir al die ondersteuning en aanmoediging wat ek oor die jare heen van die lede gekry het. Natuurlik het ek nie almal tevrede gestel nie, maar om dit te sou kon doen binne die SASV sou grens aan die onmoontlike. Dankie ook aan almal met wie ek kon saam dink en besonder die UK-lede.

My allerbeste wense dra ek oor aan die inkomende Nasionale President, Chris de Bruin. Ek weet dat jy die verantwoordeliheid met erns aanvaar het, sterkte met die groot taak wat op jou wag. Ek dra jou in my gebede aan ons Hemelse Vader op.

Waar ek nou net 'n gewone "ringlid" is, sien ek steeds daarna uit om my duiwe te geniet - as dit moontlik is kampioene te teel -, en in my streek wat my baie na aan die hart lê, KwaZulu-Natal, my kant te bring.

Met vriendelike duiwegroete.





## Uit die kantoor van die Nasionale Vise-President

**Christo Britz**

As gerugte waar is, was die opdrag gewees om 'n perd te teel met meer stamina, dus een wat langer kon aanhou werk. Henry Ford het ander gedagtes gehad. Hy het "uit die kassie" gedink en iets begin wat deur die meeste van sy tydgenote as belaglik en 'n mors van tyd afgemaak is. Hoef ek enigsins die gewildheid van die perd teen oor die motor verder te bespreek?

Hierdie is my eerste skrywe sedert my koöptering as Nasionale Vise-President op die SA's in Upington. Dit is nie in my aard om hals-oor-kop met iets te begin bloot om vir die vertoon die massas gelukkig te hou nie. My werkswyse is meer wetenskaplik as dit. Hoewel my navoring nog in sy kinderskoene staan, het ek reeds in die afgelope ses weke baie nou saamgewerk met verskeie van duiwe (en ander geveerde) vriende in verskeie lande en idees uitgeruil.

Om die stokperdjie in die moderne tye en huidige ekonomie uit te bou is nie slegs in Suid-Afrika moeilik nie, die meeste Wes-

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

terse lande sukkel hiermee. Dit is egter so dat van hulle alreeds 'n bietjie meer kreatief tewerk gegaan het. Hoewel ek nie glo om dadelik 'n motor te ontwikkel as die perd moeg raak nie, loon dit ons om tog alreeds van sekere elemente kennis te neem en ons voetwerk reg te kry daarvoor.

Ek wil kortliks vyf punte uitlig en idees gee oor hoe ons dit kan hanteer. Let wel dat hoewel die beginsels in die akademie gefundeer is, doen ek my bes om eenvoudige werkbare oplossings te bied.

**1. Interne vs Eksterne bemarking**

Gewoonlik is die eerste vraag wat by mens opkom as jy jou streek/klub wil uitbou: Hoe betrek ons nuwe lede? Die eerste vraag behoort eintlik te wees: Is my streek/klub gereed om nuwe lede te ontvang?

Hiermee bedoel ek twee dinge: (en dit is deel van 'n vereniging se interne bemarkingsplan, iets wat in die toekoms aandag sal kry)

a) Is my streek so georden dat dit nuwe lede laat tuis en gemaklik voel, of is die streek administratief in chaos gedompel en die politiek word om elke braaivleisvuur gepraat? Ek is seker dit is nie hoekom nuwe lede aansluit nie.

b) Het my streek 'n induksieplan vir nuwe lede? Nuwe lede voel vreemd, onkundig en is nog nie deel van die klub/streek se kultuur nie. Watter maatreëls word gevolg om te verseker dat die lid eerstens iets van duiwe weet, iets van die stokperdjie verstaan, skoue verstaan, ens. ens. Word die lid betrek by die streek se aktiwiteite?

Dit is vir my belangrik om u idees oor moontlike induksie/mentorskap te ontvang. Ek stuur einde Augustus 'n konsep-dokument hieroor uit en sou graag u voorstelle teen 26 Augustus ontvang om waar moontlik u idees hierin te vervat.

Dit is van kardinale belang om intern gereed te wees vir die resultate (nuwe-lede) van eksterne bemarkingsaksies

**2. Die gewillige individu**

Die individu is daardie een wat, as hy ophou om te doen wat hy doen, heelwat aktiwiteite tot stilstand kom. Die positiewe persoon wat altyd gereed staan om te help. As daar so 'n persoon in jou streek is, is dit die ideale persoon om die bemarking en die aktiwiteite in jou streek te doen.

Ek sou graag van elke streek die naam van 'n gewillige persoon wou kry waarmee ek kan skakel om te help om die streek se aktiwiteite uit te brei. Ek en die persoon gaan nou saamwerk in die toekoms.

**3. Wat bied my klub/ streek?**

As 'n nuwe lid aansluit op die streek se streekskou, bied die meeste streke die nuwe lid (en die bestaande lede) nie veel aktiwiteite tot die AJV nie. Om belangstelling te behou kan streke kyk na dae, al is daar nie 'n duiwe teenwoordig nie. Hier verwys ek spesifiek na inligtingsdae (medikasie, genetika, voeding, ens.) maar ek verwys ook na pret aktiwiteite. Dalk kan 'n streek 'n visvang uitstappie reël of iets soortgelyks doen.

Ek sou regtig aanbeveel dat nie-lede op hierdie dae betrek word om hulle

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

sodoende te werf as lede vir die SASV. As die streeksverteenwoordigers asseblief beplande aktiwiteite aan my kan deur gee, sal ek sorg dat dit wyd op sosiale media verskyn. Ek het minstens 14 dae voor die beplande aktiwiteit die datum, tyd, plek waar dit gehou word, kostes en 'n kort beskrywing van die aktiwiteit nodig en kan na my epos gestuur word. As daar 'n geskikte foto in JPEG formaat is, heg dit asseblief ook aan. Onthou om te laat weet of dit 'n geslote funksie is en of die publiek welkom is.

**4. Aan wie (en hoe) stel ons die stokperdjie bekend**

Hier is vele sake wat bespreek moet word. Ek lig slegs enkele van dit uit:

"Maak ons produk (Die duiwe) sigbaar vir moontlike belangstellendes. Probeer waar moontlik in sigbare plekke (waar die publiek jou kan sien) skou. Probeer kombineer met alternatiewe geleenthede soos byvoorbeeld die mampoerfees, boeredae, ander troeteldier klubs ens. Dit help nie om jou skou iewers weg te steek waar niemand van jou weet nie.

- **Uitstallings.**

Daar is nog heelwat geleenthede, maar as ons eerlik is, skram ons hiervan weg want dit is werk. Miskien het die tyd aangebreek om vir jou stokperdjie te begin werk. Al doen 'n streek net twee uitstallings per jaar kan dit, tesame met 'n sigbare streekskou, 'n groot effek hê.

- **Die SA's:**

Hierdie is die beste moontlike bemarkings geleentheid en die duiwe is selde gereed vir besigtiging as die publiek daar kan wees. Ons sal daaraan moet dink om meer van die naweek en minder van die week hiervoor in te span.

- **NOU DIE GROOT KLIP IN DIE BOS:**

Het dit nie tyd geword om op 'n streekskou inskrywings van nie lede (met die oog op werwing) toe te laat nie. Hier kan mens dalk dink aan 'n "publieke" afdeling wat soos die huidige junior klasse hanteer word met pryse vir raswenners en kampioen/reserwe kampioen? Ek glo dit gaan minimale inskrywings lok, maar as jy eenkeer 'n teler kon oortuig om te skou kan jy hom baie makliker as lid werf as voor die persoon geskou het. Daar is na raming etlike honderde persone wat sierduiwe aanhou sonder om aktief aan die stokperdjie te behoort.

- **Die uitnooi van klubs:**

Die uitnooi van roller, vlieg ens. klubs om saam met jou streek te skou bring nie net voordele van skaal nie, maar ook die moontlikheid dat 'n nuwe lid gewerf kan word. Kry 'n persoon op 'n skou en jy werf moontlik 'n lid.

**5. Kommunikasie**

Dit is 'n feit dat kommunikasie deur middel van tegnologie al hoe vinniger plaasvind. Dit is ook so dat mense bederf word deur die oormaat inligting wat dadelik beskikbaar is. Hiervoor is sosiale media ideaal.

Die gebruik van 'n interne kommunikasie medium is deur die inisiatief van die Nasionale President geskep via die SASV groepie, maar dit word nog onder benut. Dit is dalk ook raadsaam om 'n enkel persoon af te vaardig om


Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

namens die UK amptelik kommentaar op dit wat op die blad geplaas word te lewer en dringende sake onder die UK se aandag te bring. Sonder die nodige beheer sal die blad nie tot sy reg kom nie.

Dit word egter noodsaaklik om 'n ope medium te hê waardeur die publiek bereik kan word met ons bemarkingsaksies. Dit is ongelukkig so dat die webblad nie aan die behoefte voldoen nie. Ek het reeds 'n “facebook” blad met die naam Fancy-Pigeon.co.za wat ek vir die doeleindes kan aanwend. Die blad het huidiglik 2517 "likes" wat dit reeds 'n groot gehoor gee. Heelwat van hierdie is wel buitelandse liefhebbers, maar daar is nog steeds ‘n gehoor in Suider Afrika met mans 18-44 jaar wat 60% van die "lede" opmaak. Hoe meer Suid-Afrikaanse inhoud ons hier publiseer, hoe meer gewild sal die blad in Suid-Afrika raak.

Met tyd, en na meer navorsing, sal idees vir 'n amptelike SASV jaarboek, “Whatsapp Broadcasting” groepe vir boodskappe sonder terugvoer van lede en ander idees verskyn. Laat ons net eers die eerste bemarkingstap neem en die aktiwiteite by my uitkry vir plasing op verskeie sierduif forums en bladsye.



**Geneem uit die Beoordelaarsforum handleiding**
**Christo Munnik**

**14.Reëls op streke en lede van toepassing tydens die aanbied van skoue onder die SASV se vaandel.**

14.1 Die inskrywingsvorm soos in “Die Sierduif” versend of aan u gepos, moet gebruik word.

14.2 Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.

14.3 Alle besonderhede moet volledig op alle inskrywingsvorms verstrek word.

14.4 Slegs duiwe met SASV ringe of ringe van erkende binne- en buitelandse klubs mag geskou word.

14.5 Geen ringe mag name of kontakbesonderhede van die lid bevat nie, selfs al is dit 'n ring van 'n erkende klub.

14.6 Geen duif met 2 ringe mag geskou word nie. Die uitsondering is die Birmingham Roller en die Working Homer. Geen ring mag die vertoner op enige manier kan identifiseer nie.

14.7 Duiwe wat na 'n skou gebring word vir verkoop, moet vry wees van alle parasiete en die eienaar moet vooraf met die skoubestuur reël vir ordentlike afsonderlike geriewe.

14.8 Alle skouhokke moet van 'n agtergrond voorsien word en die ente van rye moet behoorlik bedek wees.

14.9 Skouhokke moet volgens die riglyne aangedui beskikbaar wees vir alle rasse.

14.10 Voldoende loophok-

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

PAM GOLDING
PROPERTIES

PROPERTY SPECIALISTS IN
THE KLEIN KAROO

Whatever your property requirements in
Oudtshoorn, Calitzdorp, Ladysmith, van Wyksdorp,
De Rust, Uniondale and surrounds,

Our unmatched standard of personalized and professional real
estate service is something you are assured of.

**8 Baron van Reede Road**
**Oudtshoon 6625**

**Tel: 044 272 2822**
**Fax: 044 272 6839**

**E-mail: oudtshoorn@pamgolding.co.za**

INTERNATIONAL PROPERTY AWARDS 2014 - 2015 ★★★★★
Best Real Estate Agency South Africa
Best Real Estate Agency Africa

opp AWARDS FOR EXCELLENCE
GOLD - 2014 Best Estate Agency Africa
GOLD - 2014 Best Online Service
SILVER - 2014 Best Media
SILVER - 2014 Best Global Estate Agency

www.pamgolding.co.za/oudtshoorn
Pam Golding Properties
An international Associate of Savills
savills

**Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011**

ke van die regte grootte en tipe moet beskikbaar wees vir beoordeling.

14.11 Voldoende addisionele skouhokke van die regte grootte moet op alle skoue beskikbaar wees vir alle raswenners, senior en junior. Die hokke moet voor beoordeling aan alle beoordelaars en vertoners uitgewys word en moet sovêr moontlik nie deel van die normale skouhokke wees nie.

14.12 Rasbeoordelaars beoordeel die senior en junior duiwe aan hom/haar toegeken, en die Senior Beoordelaar van die dag beoordeel sovêr as moontlik net die hooftoekennings.

14.13 Rasbeoordelaars is verantwoordelik vir die vorentoe vat van alle rasse soos deur hom/haar beoordeel.

14.14 Siek duiwe of duiwe met lewendige parasiete sal summier uit die skousaal verwyder word.

14.15 Beoordelaars het die reg om eie diskresie te gebruik aangaande duiwe met "pinholes."

14.16 Enige wangedrag deur vertoners sal streng optrede tot gevolg hê.

14.17 Duiwe word op die eienaar se risiko vertoon.

14.18 Duiwe is gedurende die skou onder die betrokke skoubestuur se beheer.

14.19 Geen persoon word toegelaat om ander vertoners se duiwe sonder toestemming te hanteer nie.

14.20 Vertoners mag gedurende beoordeling teenwoordig wees maar mag geen kommentaar lewer nie.

14.21 Duiwe mag slegs volgens die program van die betrokke skou verwyder word.

14.22 Alle beoordelaars vir die SA Kampioenskapskou moet deur die betrokke spesialiteitsklubs genomineer word en hulle sal dan skriftelik uitgenooi word deur die Nasionale Beoordelaarsbeampte. Die beoordelaars moet in "Die Sierduif" gepubliseer word voor die sluitingsdatum van die SA`s inskywings.

14.23 Enige bont duif sal gepenaliseer word met die totale punte toegelaat vir kleur in die betrokke ras.

14.24 Duiwe mag in 'n groter hok as gespesifiseer vertoon word, maar nie in 'n kleiner een nie

14.25 Hokke moet in netjies, skoon en parasiet vrye toestand wees.

14.26 Indien 'n vertoner op 'n skou aankom en die skouhokke voldoen nie aan die vereistes nie, het die vertoner die reg om sy inskrywingsfooi terug te eis vanaf die streek en dan te besluit of hy wil aangaan met die skou en of hy sy duiwe gaan onttrek.

14.27 Toetsing van beoordelaars word slegs by SA's en nie meer by streekskoue of duiwedae gedoen nie.

14.28 Skousekretarisse moet beoordelaarslyste vir elke ras opstel wat in die Enige Ander Sierduif/Kropper ens. klasse ingeskryf is, en alle raswenners moet na vore geneem word.

14.29 Gewaste riviersand moet in die hokke van alle *veerpootduiwe gebruik* word.

14.30 Die kleur van hokkaarte is as volg:

Ou mannetjies ~ wit,

Ou wyfies ~ groen,

Jong mannetjies ~ blou en

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Jong wyfies ~ pienk.

14.31 Indien skouhokke gestapel word moet die rasse wat in skouhokke beoordeel word nie in die onderste rye geplaas word nie.

14.32 Daar moet rondings in die skouhokke vir die Holle Kroppers wees.

14.33 Waar `n beoordelaar nie sy/haar weg oopsien om `n eerste plek of raswenner toekenning in `n bepaalde ras te maak nie, moet hy/sy die saak eers met `n ander beoordelaar, verkieslik `n Senior Beoordelaar, bespreek voordat die finale besluit geneem word.

14.33 Kleure vir plekplakkers: Indien die plek wat die duif behaal het nie op die plekplakker gedruk is nie moet daar by die volgende kleure gehou word;

Eerste in kleurklas -- Rooi

Tweede in kleurklas - Blou

Derde in kleurklas - Groen

Vierde in kleurklas - Geel

Vyfde in kleurklas - Swart

Beste ou mannetjie - 2 x Rooi

Beste ou wyfie - 2 x Rooi


Beste jong mannetjie - 2 x Rooi


Beste jong wyfie - 2 x Rooi

Beste ou duif - Silwer

Beste jong duif - Silwer

Beste in ras - Goud





## Moving from Wartburg to Plettenbergbay

**Lionel Phillips**

Good Evening to you all,

Sorry that this has taken so long to make contact with you folks, but it has not been plain sailing!

To start with I hereby wish to sincerely thank all of you kind folks who contributed to or who were able to attend a farewell luncheon organized by Neil and Angie Raw at the Noodsberg Country Club, we really thoroughly enjoyed the day with our Pigeon friends and I thought the selection and quality of the food was good. Carol and myself were very touched by your generous farewell gifts and as you all know we enjoy camping and our caravan and we will make good use of these gifts! [Just a shame that we were not all able to say good bye to all our friends at one gathering]

We planned to leave for Plettenberg Bay on 15th June the day after we had loaded our furniture, but things did not go as was planned, we ended up sleeping two nights in the caravan as we had plenty cleaning up to complete, any way we finally left Wartburg at 5.30 am heading for Queenstown with two little dogs that had never travelled before.

We spent Thursday night with Sheldon and Glenda and we were tired and greatly appreciated there hospitality and kindness for giving us the chance to break the long trip! [the two dogs were very good and adapted very well]

Friday morning after breakfast we set off for Plettenberg Bay and

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

arrived at Kerry and George Davie's farm and spent the night there.

Saturday morning we unhitched the caravan and Kerry took us to see our new home. Fortunately Kerry was there to check the furniture when it arrived and placed it in the correct rooms and we started unpacking straight away [to this day there are still boxes we have not unpacked]


The nightmare started with the cell phones, we could not find the chargers and then Carol for about 10 days was having hassles with her account at Vodacom, then we had problems our washing machine, we had to buy a front loader and sell our 1 year old top loader as the space was only for a front loader. Our next problem was that our Fridge/ Freezer was to high and wide to fit the space supplied, so we had to buy a new unit and sell our old unit, while this was going on we were busy getting a computer company to fit a dish and computers [it took about 6 weeks to get us running, mine lasted 2 days packed up and I lost all the stuff on the hard drive, I have only had the computer for about 6 days]

The people down here seem to be very laid back and I find that they do not keep appointments and very often arrive late or not at all, this is very much a holiday type town with many huge homes and mansions. Plettenberg Bay has winter rain and therefore the days are generally warm but the nights are very cold, it is a very different cold to what we are used to up in Wartburg.

Our home is in a secure complex with 24 hour security and the house has an open plan living room/dinningroom/ kitchen and scullery, It has 3 bedrooms, one of which we use as an office, 2 bathrooms and a remote controlled double garage.

The yard is very small and we have had to fence it because of the dogs, we have started planting flowers and shrubs and some herbs for the kitchen and each day more pictures are fitted to the walls and new blinds or curtains are fitted, [most of our curtains are to short and when we left Wartburg we either sold what we thought we could not use or gave it away!]


We live in House No 6 Strelitzia Road in Whale Rock Gardens in Plett, our cell phone numbers and emails have not changed and if any of you good folks are in our area it

**_NAK Smit_**

**Teel met**
**American Show Racers**

**Patrysstraat 36**
**Stellenbosch**
**7600**
**Cell: 072 585 0348**
**E-pos: naksmit@adept.co.za**





**SAFPA Website - http://www.safpa.za.org**


**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

would be nice to see you, give us a call and should you need a bed or two we can make a plan, we look forward to meeting our pigeon friends again.

The beaches are very quite this time of the year, we take the two dogs for a walk once or twice a week and Carol of course takes a camera to take shots of the seascapes and the very many different shells found on the beach. [sometimes there is about half a dozen people on the beach, very quite and peaceful!]

No more news, keep in touch and take care






## SA Sponsduifklub

**Beoordelaars vir SA's 2017:**
Lourens Muller en Alternatief - Pieter Lourens.
Prestigeskou 21 Januarie 2017:
Beoordelaar: Lourens Muller.
Afhangende van die getalle, gaan die rasse moontlik onderverdeel word tussen ekstra beoordelaars.
Sponsduifklub bestuur.

**President:**
Attie van Aswegen 0 8 2 411 8483
**Vise-President:**
Pieter Neethling
071 261 6405
**Sekretaris:**
Matt Willemse
082 807 3825
**Tesourier:**
Bertie Wessels
083 733 4191
**Trofee Meester:**
Hansie Botes
082 732 7372
**Addisionele Lid:**
Jurie van Rensburg
083 777 6133
U kan enige een van die lede skakel as u inligting benodig.
Groete
Attie van Aswegen



## SA Bodemtuimelaarklub


**Beoordelaars vir SA's 2017.**
Chris vd Walt en Alternatief - Junior vd Walt.
Prestigeskou. Saam met Vrystaat se Streekskou.
Bodemtuimelaarklub bestuur.
**President:**
Chris vd Walt
082 378 6447
**Vise-President:**
Attie van Aswegen

***President***
***Chris de Bruin***
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail:**
**chris.debruin@dcs.gov.za**
**of**
**tiaandebruin@hotmail.com**

**Old German Owl Club · S.A.F.P.A Specialist Club ·**


***Sekretaris***
***Peet Botha***
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail:**
**peetsandra@vodamail co.za**

082 411 8483
**Sekretaris:**
Bertie Wessels
083 733 4191
**Tesourier:**
Bertie Wessels
083 733 4191
U kan enige een van die lede skakel as u inligting benodig.
Groete
Attie van Aswegen



## SA Homerklub

Lede - 12
**Beoordelaars vir SA's 2017**
Show Racer
Renier Lee; Alternatief - Christo Munnik.
Working Homer
Renier Lee; Alternatief - Christo Munnik.
German Beauty Homer
Christo Munnik; Alternatief - Renier Lee.
Show Antwerp
Christo Munnik; Alternatief - Renier Lee.
English Showhomer
Christo Munnik; Alternatief - Renier Lee.
American Giant Homer
Christo Munnik; Alternatief - Renier Lee.
Exibition Homer
Christo Munnik; Alternatief - Renier Lee.
Genuine Homer
Christo Munnik; Alternatief - Renier Lee.
Dewlap
Christo Munnik; Alternatief - Renier Lee.
Scandaroon
Christo Munnik; Alternatief - Renier Lee.
Magnum
Christo Munnik; Alternatief - Renier Lee.
Prestigeskou vind plaas saam met die SA's 2017.
SA Homerklub Bestuur.
**President:**
Raymond Hohls.
083 303 9865
**Vise-President:**
Christo Munnik.
076 391 5800
Sekretaris/Tesourier:
Attie van Aswegen.
082 411 8483
U kan enige een van die lede skakel as u inligting benodig.
Groete.
Attie van Aswegen



## SA Mookeeklub.

Lede - 7
**Beoordelaars vir SA's 2017**
Christo Munnik en Alternatief - Peet Botha.
SA Mookeeklub bestuur.
**President:**
Attie van Aswegen
082 411 8483



**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**
**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne Alle lede se bereik te plaas.**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves? - the perfect bird!**



SAFPA Website - http://www.safpa.za.org
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

**Vise-President:** Piet Kruger 079 766 3986
**Sekretaris:** Ruben Kitching 082 434 9808
**Tesourier:** Ruben Kitching 082 434 9808
U kan enige een van die lede skakel as u inligting benodig.
Groete.
Attie van Aswegen





## Ons het vere in ons bloed, 'n dankiesê brief en 'n huldeblyk

**At Nigrini**

Chris van den Berg is nou 3 jaar weg;

In al die tyd wat ek met duiwe en die SASV deurmekaar is en was het daar regtig 'n paar grotes geval, oom Phillip Welgemoed, oom Colin Wrench, oom James Orchard, Ben de Lange, Wynand Wessels, Basie de Lange en ja, Chris van den Berg.

Duiwe se liefde is 'n diep ding, hy lê nie vlak nie, want jy spandeer tyd met mense wat die selfde passie en liefde het as jy, dit is anders as jou eie bloed, wat nie dieselfde passie as jy het nie en ja die mense word soos jou eie bloed. Jou eie broers en susters en meeste se vrouens en kinders wat nie vere in hulle bloed het nie verstaan nie, vrouens en mense skud hulle koppe en is nie so naby as die wat met die vere virus besmet is nie. Tot en met nou het ek 2 van my vere-broers verloor en hulle is nie meer met ons nie, te vroeg, te jonk en te gou gegroet.

Vraag is wie is volgende? Ek, jy, of iemand wat jy ken, wie, wat, waar en hoekom en wanneer sal net die Skepper weet. So dit is nou my tyd om voorraad te neem, slotsom daar is nie meer tyd vir reg of verkeerd wees nie, nie meer tyd vir enige twak of politiek nie, die lewe is te kort en ons asem net een teug weg van ons geliefdes en ons duiwe.

Chris se tyding het my bereik met 'n oproep van Raymond Hohls, hy was in die jagveld. Op daardie oomblik stop die bloed in jou are en deur jou brein flits daar 'n warboel van vrae soos, wat, waar, waaraan, Petra, die tweeling, Christo, Rodney? Met geen antwoorde op enige van die vrae nie. Die oomblik toe Raymond in trane uitbars slaan die hamer my, 'n 14 pond hamer, lam, my menswees gevries, nog nooit so geslaan nie en ek kon dit net nie verwerk nie. Papgeslaan, trane en snot wat loop, omdat ek, jou, Chris van den Berg, nie vertel het wat jy vir my beteken het nie. Nog erger was my oproep aan Petra, en ja ek kon nie met haar praat nie, net gehuil en ek het regtig nie die moed gehad om haar weer te bel nie.

Ons ken die van den Bergs sedert 1990, my oudste is net so oud soos die tweeling. Hulle het eintlik maar saam groot geword, want ons het maar so oor en weer deur die jare gekuier van skou tot skou en ook Desembers en dit was nie altyd duiwe nie, maar ja altyd

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

duiwe! American Showracers was vir ons 'n passie en ons het mekaar maklik gas gegee op skoue en vergaderings, maar het nooit te lank vir mekaar kwaad gebly nie, eintlik net tot die een sê gooi 'n mengel-drankie. Chris se droom was om my te klop op 'n SA's in die Wes-Kaap op my agterdeur en in 2007 het hulle dit met 'n hen nommer 17 gedoen en ook was Chris nie bang om te betaal vir goeie duiwe nie.


Ek kan jou nie meer hoor nie;
Nie meer bel nie;
Nie meer met jou praat nie;
Nie meer met jou verskil nie;
Nie meer met jou saam braai nie;
Nie meer saam met jou duiwe kyk nie;
Nooit weer vir jou sê dat ek jou lief het soos my eie broer nie;

Nou kan ek net jou herineringe bewaar, jou fotos kyk en dink aan al die mooi, wat ons deur die jare gegun was om te ervaar. Wanneer daar 'n groot boom in die woud val, dan val hy 'n klomp ander plat om die son in te laat, vir nuwe bome om die gat toe te groei, Chris was so 'n groot man en wie in sy plek sal kom, dit weet ek nie?

Om jou te geken het, was vir my 'n ervaring, 'n voorreg en vir die wat die tyd gemaak het om jou te leer ken het, weet dit, 'n Opregte mens wat nie geskroom het om my die waarheid prontuit te vertel nie en ook by my gestaan het toe my knieë geknak het.

Ek sal jou onthou, vir jare met trane in my oë, maar vir altyd met 'n glimlag, tot ons mekaar weer sien.

Liefde





***P&S Botha***

**Breeders of Fantail, Lahore, Holle Cropper, Muffed Ice Pigeon, African Toy, Old German Owl and Frillback**

**PO Box 6519 Secunda 2302 Cell: 082 467 0996**

**E-Mail: peetsandra@voda mail.co.za**






## Wanneer ons daardie tye van swakheid,oomblikke van struikeling en vertwyfeling onthou, weet ons die Here was by ons.

## Wat jy more sal wees, hang van vandag se besluite af.

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## Hoeveel duiwe broei ons en wat kos dit

**Johan Munnik**

Ek praat met 'n vriend oor hoeveel duiwe word per jaar gering. Met skok vind ek uit daar word jaarliks 600 000 resiesduif ringe bestel deur SANPO.

Dan praat ons nie van al die Rollerklubs, SASV, NFPA en privaat bestellings by Toppie Jansen en ander ringmakers nie.

As ons vat 'n duif eet gemiddeld 37 gram kos per dag. Nou as ons min of meer uitwerk 'n Jong resiesduif word gemiddeld 45 gram kos per dag gevoer en na kropmelk het ons 18 dae wat hy gevoer word. 810 gram kos om op te speen. 0,81 kg kos. Dit klink nie baie nie maar maal dit met 600 000, dan is dit 486 000 000g of 486 000kg of 9720 50kg sakke kos net om die resiesduifies groot te kry. 'n Gemiddeld van R180 per duifie as jy medikasie en water insluit. R4 860 000 wat gemiddeld R440/50kg sak kos nou is.

Om 600 000 duisend duifies groot te maak sal dan R810 000:00 kos, en dit is net vir resiesduiwe. Moet asseblief nie uitwerk wat dit jou kos per jaar nie, jy hou dalk net op met duiwe. Om een resiesduif vir 'n jaar te voer gaan 37 gram maal 365 dae is gelyk aan 13505 gram kos is 13,505kg per duif. Dit is net min of meer.


Teen 8.80/kg R118.84 per duif, net vir kos.

Onthou dit is net min of meer, daarom dat ek net 30 rollers gemiddeld aanhou ek kan dit nie bekostig nie.

Geniet julle duiwe al kos die duiwe kos R600 'n sak sal ek nog steeds duiwe aanhou net minder.

Groete aan almal




***Chris de Bruin***

**Teel met Cauchois, American Giant Runts, Strassers, Swiss Mondains & Gros Mondains.**

**Kontak besonderhede:**

**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail:**

**chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**





**Skatte van 'n mens se hart, kan nie gesteel word nie**


**Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011**

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



**Die Modena Beoordelaar - 'n uittrekseluit 'n artikel van Larry Brown, 'n Amerikaanse beoordelaar.**
**Uit die pen van die Mookee Koning**
**Artikel 2**

Hy skryf oor 'n paar sakies wat nodig is om 'n goeie Modena beoordelaar te wees. Ek dink jy kan uit hierdie artikel self die toepassing maak, vir die beoordeling van ander rasse, waar van toepassing:

- Jymoet 'n intense belangstelling hê in die Modena en sy ontwikkeling.
- Jy moet kennis hê van die Standaard en sy ontwikkeling oor al die jare.
- Jy moet 'n person wees van integriteit, wie se persoonlike volwassenheid die invloed van sekere persoonlikhede, erken en afwys in jou toepassing van die standaard in die positiewe, holistiese beoordeling van die duif voor jou. Dis so belangrik.

Larry sê as 'n beoordelaar aan bogenoemde vereistes voldoen, sal 'n klomp kritiek teen hom geelimineer word. Realisties beskou, sê hy, word elke beoordelaar op elke skou gekritiseer....en soms met reg ook. "This is the nature of the job".

'n Beoordelaar het sekere voorspronge bo "Facebook, Whatsup en Twitter" gemors, sommige vertoners, deurlopers en omstanders. Hy kan die duif hanteer, kyk vir skoukondisie, veerluise, onpaar oë, gebreekte en droeë vere, ens., wat nie vir bogenoemde vermeldes sigbaar is nie. Oor die algemeen doen beoordelaars 'n goeie "job" en die wat dit nie doen nie, hou nie lank nie of word nie weer gevra nie, of hoe?

Beoordeling gebeur deur vergelyking van duiwe met mekaar in die loopring en/of skouhokkie. Met die standaard van die duif en die punteverdeling se prentjie in jou kop, rangskik jy die duiwe in 'n ry skouhokkies van beste tot swakste. Dit is positief. Nogal 'n kuns en eenvoudig, maar nie as jy jou lisensie gekoop het nie, of hoe?

Ek hou van Larry se idee van 'n loopring en die benutting van skouhokkies om duiwe te plaas, want dan kan jy hulle skuif, een vir een en kom vierde nie tweede nie. Ek gaan beslis toesien dat ons voortaan die Mookees ook so gaan doen, veral waar ons groot getalle in klasse het. Ons Modenas werk tans 90% so, behalwe dat die loopring te min of soms glad nie aangewend word nie. Hierdie artikel vervolg.

## Artikel 3

Larry praat voorts oor die ruimte van die beoordelaar, oftewel die beoordelings area. Hier stap niemand "left" en "right" deur soos by ons nie. Die area behoort aan die beoordelaar en sy "stewards". Groter ouens benodig 'n groter spasie as kleiner outjies soos Rob (of hoe). Die beoordelaar moet kan

terugtree en die duiwe kan bekyk. Groter klasse word in dubbelhokkies op mekaar geplaas en kleiner klasse in enkel rye. Die beoordelaar kan nou sy beste duiwe bo plaas of in enkel rye links en nie op en af hardloop soos by die uitsoek van die top sewe byvoorbeeld nie. Die metode spreek vir homself.

Hoe lyk die materiaal waarop die Modena en dan ook van die ander rasse in die skouhokkies staan? Verkieslik grof sodat die duif nie rondgly nie. Die beligting moet ook goed wees. Hierdie eenvoudige stappe sê Larry, verbeter elke Modena en ook elke ander ras se kans in die voorbereiding en aanbied van 'n kwaliteitskou. Dit laat dan nou die bal in die hande van elke streek se bestuur.

'n Goeie afgekampte beoordelaars area, beskerm die beoordelaar teen opmerkings, wat sy konsentrasie breek, en gesprekke of "body language" tussen hom en ander beoordelaars of verby stappers of sy vrou wat langs die loopring sit om die vooraf bepaalde besluit deur te voer.

In artikel 4 verskuif die fokus nou na die duif self.

## Artikel 4

Larry skryf: Die beoordelaar se "mental attitude" is van die allergrootste belang. Hy moet hom van alles om hom uitblok: vertoners, "stewards", ander beoordelaars, vooroordele, opmerkings, en lyftaal van vertoners en kykers tydens beoordeling, ens. Hy moet op die duiwe voor hom sentreer.

Kyk na die klas voor jou en/of die seksie en besluit hoe jy met dit gaan werk. Byvoorbeeld: 'n klas van 10 kan jy as 'n geheel in 'n dubbel ry hokke opmekaar hanteer en plaas met die goeies bo en die swakkes onder maar wat gedoen as jy skielik met 'n klas te doen kry met 60 wyfies voor jou? Larry sê hy hanteer hulle in segmente van 5 tot 10 duiwe op 'n keer in dubbel rye opmekaar, bestes bo en jy skuif hulle nie die hele tyd vorentoe en agter toe nie. So verminder jy ook die oor en oor hantering van duiwe.

Volgens Larry moet die beoordelaar elke duif plaas, nie net die eerste 3 of 5 nie. Die vertoner betaal R10 per duif en dis baie geld en het daarom die reg om te weet hoe sy duif gevaar het. Dit geld natuurlik ook vir die top 7. Dis 'n groot dilemma, maar Larry beweer die antwoord lê in meer tyd wat die beoordelaar moet spandeer. Dit is presies wat Christo Munnik op Upington gedoen het met sy beoordeling. Kyk maar gerus weer na my wenke aan senior beoordelaars. Kom ons volg Christo se voorbeeld en maak die beoordeling op die SA's 'n dag en 'n half.

As jy nou na die duif voor jou kyk in die skouhokkies wat nou bo en onder geplaas is, haal jy heel eerste die gediskwalifiseerde duiwe uit. Let wel: duiwe met foute bly. 'n Goeie beoordelaar behoort die verskil te ken.

Dan kyk jy watter duiwe het iets om te bied en jy plaas hulle eerste in jou 2 rye. Hy werk op die 50 beginsel met 20 vir houding en tipe, 20 vir grootte en 10 vir bene. Volgens Larry, as die duif nie die 50 punte toets slaag nie, kan hy nie wen nie, ongeag hoe goed die res is. Hy sê, die eerste 50 punte konstitueer 'n

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

Modena van skou kwaliteit en die res skuif af na die onderste hok na die punt van die ry waar hy dan na kleiner foutjies kyk in kop, merke, ens. Dan word alles in die klas en seksie weer oorgegaan.

Ek sluit hierdie kort reeks van Larry af in artikel 5 wat volg.

## Artikel 5

Hierdie laaste artikel bevat 'n paar algemene opmerkings en leersame insette vanaf Larry:


- Skouafrigting en voorbereiding van die duif is kardinaal.
- Moet nooit die Modena van bo af vang nie of met 'n stokkie steek nie. Dit laat die duif “crouch”.
- Duiwe moet skoon, goed versorgd en gesond voorkom.
- Die beoordelaar moet elke duif met sorg hanteer.
- 'n Modena kan wen al kruis sy vlerke, al het hy 'n derde balk, al is sy borsbeen krom, al is sy kleur af, ens. Dit is alles relatief tot die res van die duif. As jy negatief beoordeel, gaan jy die duif terug sit en ken jy nie die verskil tussen foute en diskwalifikasies nie. Jou voorkeur, wat jy vooraf besluit het of tydens beoordeling gesê word, mag glad nie oorheers nie. Ongelukkig word dit met 'n houtoog aangevoel.
- Ten slotte sê Larry : 'Bly in die standaard of verander dit'.

Wat sê jy, Meneer ???






**_South African Rare Breeds Club_**
**_Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub_**
**_Established *** 1988 *** Gestig_**



**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**


**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**


**Goeie vriende is geskenke van Bo**

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229




# International Brunner Pouter Club

**President:** Rob Lombaard
PO Box 161
Henley-on-Klip 1962
Cell: 079 502 5626

**Secretary:** Christo Munnik
PO Box 618
Anerley 4230
Cell: 076 391 5800

FANTAIL CLUB
WAAIERSTERTKLUB

## Waaierstertklub-Skou 2016

**Willie J van Rensburg**

Die afgelope klubskou is aangebied in Nelspruit deur Coenie Naude, op die terrein van Hoërskool Nelspruit. Vertoners het die Vrydag middag begin arriveer en hul duiwe ingehok. Christo J van Vuuren het ingevlieg vanaf Kaapstad met sy en Tom se duiwe - baie dankie vir jul entosiasme om die skou te ondersteun. Die aand is daar rustig om die braaivleisvuur gekuier. Saterdag oggend het die laaste vertoners aangekom en nadat die beoordelaarshokke opgesit is, het die President die verrigtinge geopen met gebed.

Die beoordelaars paneel het bestaan uit Nico vd Westhuizen en Chris Engelbrecht en hul het om die beurt die verskillende groepe beoordeel. Daar is weereens bewys dat die beoordelaars onpartydig was om rede nie een van hul eie duiwe wat in n groep vertoon was en deur hulself beoordeel was, eerste geplaas is nie. Die drie 'jonger' vertoners het elk n beurt gehad om saam met die beoordelaars te beoordeel (maar nie die finale sê nie). Die praktiese ondervinding was van groot waarde gewees vir die jongspan aangesien hulle geleer was hoe die proses van beoordeling werk. Deur die hele beoordelingsproses was daar 'n gees van gemaklikheid en duiwe vriendskap tussen die vertoners - dit is 'n teken van groei in ons klub.

Nadat die groepswenners en hul reserwes aangewys is het die top 6 duiwe hul passies in die beoordelaarshok gedoen om te kompeteer as skou kampioen.

Die groep uitslag was as volg:

**Groep 1: Geruit**
Totale inskrywings: 2
**Beste:** 16517
Nico vd Westhuizen
**Reserwe:** 15531
Nico vd Westhuizen

**Groep 2: Gebalk**
Totale inskrywings: 13

- As Rooi

**Beste:** 147448
Groep wenner
Christo J v Vuuren

- Silwer

**Beste:** 15854
Reserwe groep wenner
Tom Ryke
**Reserwe:** 15528 Nico vd Westhuizen

- Bruin

**Beste:** 14281
Nico vd Westhuizen
**Reserwe:** 3769
Christo J v Vuuren

- Blou

**Beste:** 3002



Top 6 waaiersterte in aksie

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Willie J v Rensburg
**Reserwe:** 135454 Charl Naudé

**Groep 3: Solied**
Totale inskrywings: 13
- Wit (6)

**Beste:** 2548
Groep wenner
Willie J v Rensburg
**Reserwe:** 146175
Chris Engelbrecht
- Bruin (2)

**Beste:** 3007
Willie J v Rensburg
**Reserwe:** 6181
Chris Engelbrecht
- Swart (4)

**Beste:** 2558
Reserwe groep wenner
Willie J v Rensburg
**Reserwe:** 7
Christo J v Vuuren
- Rooi (1)

**Beste:**
Chris Engelbrecht

**Groep 4: Gemerk**
Totale inskrywings: 6
- Saalrug (3)

**Beste:** 591
Tom Ryke
**Reserwe:** 6195
Chris Engelbrecht
- Lyfgemerk (1)

**Beste:** 2841
Willie J v Rensburg
- Stertgemerk (2)

**Beste:** 6196
Chris Engelbrecht
**Reserwe:** 6131
Chris Engelbrecht

**Groep 5: Faktore**
Totale inskrywings: 16
- Opal (4)

**Beste:** 539
Reserwe groep wenner
Nico vd Westhuizen
**Reserwe:** 560
Nico vd Westhuizen
- Grizzle (6)

**Beste:** 505
Groep wenner
Nico vd Westhuizen
**Reserwe:** 6129
Chris Engelbrecht
- Poeier (7)

**Beste:**
Nico vd Westhuizen
**Reserwe:** Charl Naudé

**Groep 6: Mismerk**
Totale inskrywings: 5
**Beste:** 778
Tom Ryke
**Reserwe:** 2562
Willie J v Rensburg

**Groep 7: Raar**
Totale inskrywings: 3
- Ekstreem Verdun (1)

**Beste:** 537
Nico vd Westhuizen
- Lace (2)

**Beste:** 2545
Willie J v Rensburg

Die top 7 finale uitslag was as volg:

Klub Kampioen vertoon deur Christo J v Vuuren

1ste Reserwe vertoon deur T Ryke

2de Reserwe vertoon deur N vd Westhuizen


3de Reserwe vertoon deur T Ryke

4de Reserwe vertoon deur N vd Westhuizen

5de Reserwe vertoon deur T Ryke

6de Reserwe vertoon deur W J v Rensburg

Christo J van Vuuren met die Meesn trofee en sy klubkampioen duif



Tydens die AJV is die nuwe bestuur verkies naamlik

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

President: Frik Butler
Visie - President: Coenie Naude Sekretaris : Willie J van Rensburg

Verskeie punte is bespreek; een punt van belang wat genoem kan word is ; vertoners kan 'n beoordelaar vra om kommentaar te lewer oor die plasings van duiwe wat hy maak (nie om konfrontasie te skep nie) en beoordelaars word versoek om kommentaar op elke duif te gee as 'n groep/kleur beoordeling afgehandel is - sodoende is dit 'n leerproses vir veral die jonger vertoners.

Na die afloop van die AJV het die vertoners heerlik saam gekuier om die braaivleisvure waar ernstige waaierstert sake bespreek is.

'n Besoeker noem die volgende tydens die kuier: 'as ek in die oggend hier aankom dan praat julle oor bene, vlerke en sterte. In die aande om die vuur praat julle nogsteeds oor bene, vlerke en sterte. Julle is 'n vreemde klomp mense saam' Miskien is ons vreemd vir die wêreld daar buite, maar as daar waaierstert bloed in jou are loop kan jy nie anders wees nie. Die Sondag oggend vroeg is die eerste duiwe gelaai en vertoners het die lang paaie huistoe aangepak.

**Bedankings**

Die volgende persone word bedank vir hul bydrae tot die skou:

Coenie Naudé - vir die aanbied van die skou en al die reëlings.

Jan - vir jou logistieke hulp voor en tydens die skou.

Merinda - vir die rekordhouding van die uitslae tydens beoordeling.

Kommentaar vanaf die beoordelaars:

1. Daar is 'n verbetering in die algehele kwaliteit van duiwe teenoor 2015.

2. Om internasionaal kompeterend vergelykbaar te wees moet daar gelet word op 'n sterker vorentoe inset van die bene.

3. Van voor gesien kort meeste duiwe 'n lae ronding (beer belly).

4. Die breedte van voor is goed asook die hoogte versus diepte verhouding.

5. Die vlerklyne, asook die liggaam tot stert verhouding is goed.




**Jy kan niemand leer wat jy self nie weet nie en niemand lei waar jyself nie gaan nie.**

**Musiek bring volkome vernuwing in 'n mens te weeg. Niemand is ooit weer dieselfde daarna nie.**

**Nie eens 'n muskiet kry 'n klop op die rug voordat hy begin werk nie.**

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## Notule van die Algemene Jaarvergadering van die Internasionale Modenaklub te Upington Skousentrum op 2016/06/30

**Hennie Bosman**

**1. Opening, verwelkoming en vermeldings.**

Die President (Voorsitter) open die vergadering met gebed en heet almal teenwoordig welkom. Daar is tans 21 opbetaalde lede. Hy spreek sy teleurstelling uit dat so min lede die vergadering bygewoon het. Dit is waarskynlik tewyte daaraan dat van die plaaslike lede betrokke is by die administratiewe aktiwiteite van die SA's.

**2. Konstituering.**

2. (a) Presensielys word gesirkuleer en deur die volgende lede geteken om hulle teenwoordigheid te bekragtig. Vergadering behoorlik gekonstitueer. Teenwoordig: George Bell, Koot Serfontein, Ian Singleton, Gerhard Joubert, Hennie Bosman, Ruben Kitching en Danie Visser.

2. (b) Verskonings ontvang van Seppie Esterhuizen, Didi Esterhuizen, Christo Brits, Ken Garrod, Gerhard van Beeck, André Erasmus, Jas van Niekerk, Niel Duvenhage en Frik Schoeman.

2. (c) Betaling van ledegelde van 21 lede ontvang. Dankie vir julle ondersteuning. Ledegeld is tans R50.00 per jaar. Die President word bedank vir sy moeite in die verband.

**3. Notule van 2015/06/02**

Reeds vooraf gesirkuleer. Goedgekeur en deur President onderteken.

**4. Aanvulling van sakelys.**

Sakelys aangevul met punte vanaf SASV jaarvergadering en lede met die volgende besprekingspunte:

(a) Aanvaarbare sertifikaat om erkenning vir bydrae aan die Modena te bevestig.

(b) Skouhokgroottes (B tipe 450cm diep, 450cm wyd en 400cm hoog.) Voorgestel deur Nasionale Beoordelaarsbeampte.

(c) Ring grootte vir Modena C en D. Voorgestel deur Hennie Bosman.

(d) Spesialiteits Klub promosie. Vanaf SASV.

(e) 'n Behoefte aan 'n nuusbrief. Versoek Hennie Bosman en Ruben Kitching.

(f) Modena: Gazzi en Schietti elk 'n afsonderlike ras. Albei navore vir top sewe.

**5. Vermeldings.**

Hennie Bosman dra die saak van spesiale erkenning voor vir persone wat die ras op 'n besondere wyse gedien het. Die volgende faktore is gebruik en speel 'n rol in die nominasie van die kandidate vir die toekenning van 'n sertifikaat: Toewyding, kennis, bywoning van skoue en mededeelsaamheid.

Die vergadering vermeld die volgende persone vir sertifikate :

Ken Garrod, Koot Serfon-

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

tein, Bertha en Kobus Snyman, Gerhard van Beeck en Dawid Sadie.

Die vergadering aanvaar Hennie Bosman se voorstel in geheel. Hennie Bosman sal verantwoordelik wees vir die druk, voltooing en uitreiking van die sertifikate. Lede word versoek om persone te identifiseer wat kwalifiseer vir sulke sertifikate en Hennie Bosman dienooreenkomstig in kennis te stel. Voltooi so 'n sertifikaat en versend dit aan die Sekretaris (Hennie Bosman) vir afhandeling met die volgende Modenavergadering. Algemeen aanvaar.

**6. Skoue en verwante reëlings.**

6.1 Hokgrootte tydens skoue: Besluit op die "B" grootte (450cm diepte, 450cm wyd en 400cm hoog). Algemeen. Hennie Bosman verantwoordelik vir die implementering en kommunikasie hiervan met streke.

6.2 Ringgrootte: Ringgrootte C en D vir Modenas aanvaarbaar. Hennie Bosman sal Ringmeester kontak - Algemeen.

6.3 Modena Gazzi en Modena Schietti beskou word as twee afsonderlike rasse op skoue en albei navore gaan vir die top 7- aanvaarbaar vir almal. Hennie Bosman sal die aangeleentheid opvolg. Algemeen.

6.4 Beoordeling tydens Upington skou

6.4.1 Vergadering spreek hulle gelukwense uit teenoor Koot Serfontein vir sy beoordeling. Hennie Bosman bevraagteken sy keuse om die Brons Drie-kleur Schietti as die beste Modena aan te wys. Geen verdere bespreking.

6.4.2 Die "stewards" en helpers was uitstekend en almal was gelukkig met die hantering van die duiwe deur hulle. Die rekordhouding is aangeprys.

6.5 Jas van Niekerk is as beoordelaar vir die volgende kampioenskapskou benoem met Benard van Zyl as secundi. Algemeen aanvaar.

6.6 Skouwenners en prysuitdeling. Die President wens die telers en wenners geluk. Die President vra dat die telers moeite sal doen met ons interne kompetisie ten opsigte van die kleure en die top 7. Hoe strawwer die kompetisie, hoe groter die geleentheid om die ras te verbeter. In hierdie stadium dien die sertifikate as aansporing en bevordering van onderlinge gesindhede. Sertifikate deur Ruben Kitching geborg - Mosie van dank aan Ruben Kitching. Algemeen aanvaar.

Ian Singleton het met enkele uitsondering al die Top Pryse gewen - Baie geluk aan Ian Singleton. Algemeen aanvaar.

Op versoek van die President het George Bell al die sertifikate aan die wenners oorhandig.

**7. Borge en Toekennings**

Die vergadering aanvaar 'n mosie van dank aan Ruben Kitching vir die borg van die sertifikate en spreek die wense uit dat meer borge navore moet kom. Dit is die enigste manier om die klub aan die gang te kry en te hou. Algemeen.

Die President rapporteer dat die lede baie gelukkig is met die toekennings en dit lewer 'n positiewe bydrae tot samehorigheid. Hy vra die lede om met borge en idees na vore tekom.

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

8. Streekskoue en verwante aktiwiteite

Die President rapporteer dat hy verskeie streekskoue bygewoon het. Die Modena was goed verteenwoordig as ras en was verskeie kere onder die top 7. Die Voorsitter moedig ander Modena telers aan om die skoue te ondersteun. Hennie Bosman het die Noord-van-die-Vaal skou ondersteun wat baie goed gereël was en sterk kompetisie gelewer het aan ander Modena telers. Die vergadering spreek sy dank uit teenoor die President, die Sekretaris en alle lede vir die promovering van die ras.

**9. Duiwe dae**

Die President rapporteer dat hy 'n Modena Duiwedag by sy huis gehou het. Goeie en leersame lesings is aangebied. Dit was baie goed ontvang en word aangemoedig.

Ken Garrod het 'n goeie opkoms by sy Modenadag gehad en onderneem om daarmee te volhard. Die aksies van die President en Vise-President is met waardering aanvaar. Algemeen.

**10. Modena: Nuutste telers en behoordelaarlys.**

Die President versprei 'n lys met name van lede en telers met epos adresse en telefoon nommers aan almal op die lys, dit sluit ook die Ere-President in. Sommige van die lede is ook beoordelaars soos op die lys aangedui. Die President word bedank vir sy harde werk in die verband.

**11. IMC - Verslag - Nuusbrief**

